

Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Messias die Lewende Torah is – die Woord van YHVH wat vlees geword het – die Torah van Melgisédek. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die Torah van YHVH net die dooie letter van die wet wees!!
Yeshua is die hart van die Vader!

Parashah 22: Vayak'hel (ויקהל): Bymekaar Roep

Moshe het die hele vergadering van die seuns van Yisra'el bymekaar laat kom en vir hulle gesê: “Hierdie is die dinge wat יהוה julle beveel het om te doen. Ex. 35:1 – PWL¹

Torah: Exodus 35:1 tot 38:20

Haftorah: 1 Kon. 7:13 tot 26 en 40 tot 50.

Nuwe Verbond: Heb. 8:1 tot 5; Heb. 9:1 tot 28; Heb. 10:26 tot 31; 2 Kor. 9:1 tot 15; 1 Kor. 3:9 tot 17; 1 Kor. 12:4; Jak. 1:17.

Hierdie notas is aanvullend tot die vorige notas vir Parashah 22 wat afgelaai kan word by: [Parashah22Notas14](#) en [Parashah22Notas15](#) en [Parashah22Notas16](#).

A lie can travel half way around the world while the truth is putting on its shoes – Charles Spurgeon.

For every good reason there is to lie, there is a better reason to tell the truth – Bo Bennett.

Truth, like gold, is to be obtained not by its growth, but by washing away from it all that is not gold – Leo Tolstoy.

There's nothing so kingly as kindness, and nothing so royal as truth – Alice Cary.

Searching for Truth requires Effort – Accepting Truth requires Humility – Teaching Truth requires Knowledge – Defending Truth requires Heart – Living Truth requires Dedication –

¹ Alle teksverwysings is geneem uit PWL_(Pad van Waarheid tot die Lewe) Vertaling (www.padwlewe.ch), behalwe waar anders vermeld. Om 'n kopie van die Bybel te bekom kan Gerrie Coetzee per e-pos by padwlewe@yahoo.com of telefonies by 074 361 2134 gekontak word.

Standing for Truth requires Courage – Standing ‘in’ Truth requires the Calm Resolve of Wisdom in the Torah of Yahweh.

There have been many things reinforced as true ‘Knowledge’ over and down thru the years. But I have learned that 3 things about truth: Volume will never make a lie a Truth, Repetition will never make a lie a Truth and Ignoring the details of the Truth will never make you Honest – Torah Without Rabbinics.

The presence of truth tellers always makes truth deniers uncomfortable – Hal Lindsay.

It is better to declare the truth and be rejected, than to withhold it just to be accepted.

Torah Bespreking

Hersiening.

Die belangrikste gebeurtenis in verlede week se Torahskriflesing was die aanbidding van die goue kalf. Dit was een van Israel se waterskeidings gebeurtenisse wat ‘n verandering teweeggebring het wat tot Yeshua se koms die daaglikse lewe en verhouding van Israel, en die vreemdeling wat by hulle aangesluit, met YHVH sou beïnvloed.

Hierdie gebeurtenis was die verbreking van die verbond – die boek van die verbond – wat YHVH met hulle gesluit het en waarvan ons in Ex. 19:1 tot 24:11 lees. Hierdie boek van die verbond (Ex. 24:7) wat ‘n bloedverbond was, is deur Israel verbreek toe hulle ‘n goue kalf aanbid het.

Die gevolg was dat YHVH vir Israel wou uitwis (Ex. 32:10). Maar Moses het by YHVH om genade gesmeek (Ex. 32:11 tot 14) en daarom het YHVH aan Israel die boek van die wet gegee, naamlik al YHVH se onderrig en instruksies, en wat ook die wet van Moses genoem word, en wat Israel in bewaring gehou het tot Yeshua Messias gekom het.

Paulus verwys na hierdie boek van die wet in Gal. 3:10 toe hy geskryf het:

want almal wat ‘staatmaak op die onderhouding van die wet,’ is onder ‘n vloek, want daar is geskryf: “Vervloek is elkeen wat nie voortdurend alles sal doen wat in hierdie boek van die wet geskryf is nie.”

Hierdie boek van die wet was Israel se tugmeester (gids) tot Yeshua gekom het (Gal. 3:24 en 25) en was gegrond op werke, naamlik die onderhouding van die wet. Elkeen wat geglo het in die God van Abraham, Isak en Jakob moes alles doen wat in die wet van Moses gekrywe was sodat hulle daardeur kon lewe.

4 My wette moet julle doen en My reëls nakom om daarin te leef. Ek is יהוה, julle God. 5 Jy moet daarom My wette en My reëls nakom wat, as die mens dit doen, hy daardeur sal lewe. Ek is יהוה. Lev. 18:4 en 5.

Paulus het dit in Gal. 3:12 bevestig toe hy geskryf het:

maar die geskrewe wet was nie vanuit vertrouwe nie, maar wie ook al dié dinge doen wat daarin geskrywe is, sal daarin lewe.

Die Torah van Moses – die boek van die wet – het Israel in geestelike bewaring gehou tot die dag wat YHVH bepaal het dat Yeshua sou kom om deur Sy folterdood Israel vry te spreek.

Maar hierdie vryspraak sou alleenlik deur vertrou in Yeshua as die Messias wees! Paulus verduidelik dit soos volg in Rom. 10:4 tot 11:

*4*want die einddoel van die geskrewe wet is Die Gesalfde Een tot onpartydige opregtheid aan elkeen wat vertrou, *5*want Moshe skryf dat die man wat die onpartydige opregtheid praktiseer wat uit die wet is, volgens daardie onpartydige opregtheid sal lewe.” *6*Die onpartydige opregtheid wat uit vertrou is, sê dit so: “Moenie in jou gedagtes, wil en verstand sê: ‘Wie het opgegaan na die hemel en Die Gesalfde Een afgestuur; *7*wie het in die bodemlose put van Sh’ol neergedaal en Die Gesalfde Een uit die dood uit opgebring?’ nie. *8*Daarteenoor, wat sê dit? “Naby jou is die antwoord, in jou mond en in jou verstand.” Dit is die boodskap van vertrou wat ons verkondig: *9*as jy met jou mond ons Meester, Yeshua, verklaar en met jou verstand, wil en emosie vertrou dat God Hom uit die dood uit opgewek het, sal jy lewe hê, *10*want die verstand, wil en emosie wat in Hom vertrou, is onskuldig verklaar en die mond wat Hom bely, lewe, *11* want die Skrif sê: “Elkeen wat in Hom vertrou, sal nie beskaam word nie.”

In die lig van bogenoemde is die volgende baie belangrik: Rabbynse Judaïsme het Yeshua verwerp en daarom is hulle steeds onder die tugmeester, naamlik die Torah van Moses!! Hulle kan daarom nie volwaardige kinders van YHVH-God word nie en hulle is dus nie erfgename van God deur Yeshua, Die Gesalfde Een, nie!

*26*want julle is almal kinders van God deur die vertrou in Yeshua, Die Gesalfde Een, *27*want julle almal wat in Die Gesalfde Een gedoop is, het Die Gesalfde Een aangetrek. *28*Daar is nie Jood of Arameër nie, daar is nie slaaf of vryman nie, daar is nie man of vrou nie, maar julle is almal een in eenheid met Die Gesalfde Een, Yeshua. *29*As julle aan Die Gesalfde Een behoort, is julle die saad van Avraham en volgens die belofte, erfgename. Gal. 3:26 tot 29.

Ons is alleenlik kinders van YHVH-God deur vertrou in Yeshua, Die Gesalfde Een!!

En onthou: Geen mens kan gered word deur die wet te onderhou nie!

*20*op grond daarvan dat uit die doen van die skriftelike wet niemand voor Hom onskuldig verklaar sal word nie, want deur die geskrewe wet is die sonde bekend gemaak, *21*maar nou word die onpartydige opregtheid van God openbaar sonder die geskrewe wet en die Wet en die Profete getuig daarvan. Rom. 3:20 en 21.

Ons kom dus tot die gevolgtrekking dat die mens onskuldig verklaar word deur vertrou en nie deur die doen van die geskrewe wet nie. Rom. 3:28.

Redding is alleenlik deur vertrou in Yeshua as die Messias tot vergifnis van sonde en versoening met YHVH as Vader van Sy huishouding!!

Ons Torahskriflesing van hierdie week begin met Moses wat die volk, naamlik die hele vergadering van Israel, bymekaar roep.

Moshe het die hele vergadering van die seuns van Yisra’el bymekaar laat kom en vir hulle gesê: “Hierdie is die dinge wat יהוה julle beveel het om te doen. Ex. 35:1

Die Hebreuse werkwoord vir *bymekaar roep* is *qahal* (קהל). As selfstandige naamwoord is dit in die Grieks vertaal as *ekklesia* wat verkeerdelik vertaal is as *kerk*. Die betekenis van *ekklesia* is egter *die uitgeroepenes* naamlik die wat geroep is om vir ‘n doel bymekaar te kom soos ‘n vergadering wat belê word. Die Hebreuse woord vir *die hele vergadering* is *adat*,

(עדה) en is afkomstig van die grondwoord *adah* (הדה) en het te doen met dit wat aangewys word.

Volgens Torah was Israel die *qahal* en die *adat* van YHVH. Die boek van Handeling is slegs die voortsetting hiervan met Yeshua as Koning en as ons Melgisédek Hoëpriester. Ons as gelowiges in Yeshua is 'n konklike priesterdom in die orde van Melgisédek (1 Pet. 2:9 en 10). Die 'kerk' het dus nie in die boek van Handeling begin nie, maar reeds by die berg Sinai!

Konfrontasie met die waarheid

Wanneer ons met die waarheid in YHVH se Woord gekonfronteer word, word ons gedwing om 'n besluit te neem, want die Woord gaan ons oordeel.

*48*Wie My ook al verwerp en My boodskap nie ontvang nie, het een wat hom veroordeel: die boodskap wat Ek gebring het, dit sal hom veroordeel in die laaste dag, *49*want Ek het nie uit Myself gepraat nie, maar die Vader wat My gestuur het, Hy het vir My opdragte gegee oor wat Ek moet sê en hoe Ek dit moet sê. *50*Ek weet dat Sy opdragte tot die ewige lewe lei; daarom sê Ek net dít soos wat die Vader vir My gesê het om te sê.” Joh 12:48 tot 50.

YHVH se woorde soos dit in die Skrifte van die nuwe verbond opgeteken is, is God se finale geskrewe woorde aan die mens. Dit is die Woord van YHVH wat vlees geword het en onder ons kom woon (tabernakel) het (Joh. 1:1 tot 14). Daarom: Elkeen wat hierdie woorde (boodschap) nie ontvang nie sal deur hierdie woorde veroordeel word in die laaste dag! YHVH se woorde is die waarheid!

Eie siening, emosies en redenasies moet daarom nooit 'n plaasvervanger vir die waarheid word nie. In eerbiedige ontsag vir YHVH en Sy Woord moet ons strewe na die waarheid. Hierdie waarheid is slegs in die bladsye van die die Skrifte te vinde. Daarom moet ons versigtig wees vir die oorlewering en leerstellings van mense (Kol. 2:8; Matt. 15:1 tot 9) en slegs die Woord van YHVH gebruik om ons in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry en 'n regte lewenswyse te kweek, sodat elkeen wat in die diens van YHVH staan volkome voorbereid en toegerus sal wees vir elke goeie werk. (2 Tim. 3:16 en 17).

In hierdie week se Torahskriflesing, soos ook die vorige week, word ons weereens gekonfronteer met die waarheid oor die Shabbat – YHVH se ewige rusdag! YHVH se Woord is die waarheid en YHVH se Woord is Sy Torah – Sy liefdevolle instruksies en onderrig!

Bepeins of Bespreek

1. Is dit vir jou die waarheid omrede jy dit glo, of glo jy dit omrede dit die waarheid is? Wat is die verskil? Ons moet altyd seker maak dat dit wat ons glo die waarheid is!

The only thing worse than being wrong, is to be wrong and to not know it – Rabbi Rendelman.

YHVH se Rusdag

In verlede week se Torahskriflesing het ons geleer dat die Shabbat 'n teken tussen YHVH en Israel is, asook dat dit 'n ewige verbond is!

12 יהוה het met Moshe gepraat en gesê: 13 “Jy egter, moet met die kinders van Yisra’el praat en sê: ‘Julle moet sekerlik My Shabbatte hou, want dit is ’n teken tussen My en julle regdeur julle geslagte sodat julle kan weet dat Ek יהוה is wat julle afsonder. Ex. 31:12 en 13.

daarom moet die seuns van Yisra’el die Shabbat onderhou deur die Shabbat te vier in hulle geslagte as ’n ewige verbond. Ex. 31:16.

Shabbat is dus ‘n teken en ‘n verbond. ‘n Teken om te weet dat YHVH hulle afgesonder het en wat in alle geslagte gedenk moet word as ‘n ewige verbond!

Shabbat staan sentraal tot elkeen se geestelike welstand. Dit is die anker van elkeen wat glo in die God van Abraham, Isak en Jakob! Dit is die sleutel wat die deur na ander geestelike waarhede en geheimenisse in YHVH se woord oopsluit! Om die Shabbat te onderhou (*sh’mar*) is om te hoor en te doen asof jou lewe daarvan afhang en om daarvoor die wag te hou soos iets wat baie kosbaar is.

Die tabernakel is ‘n afgesonderde plek (heiligdom) in ruimte en Shabbat is ‘n afgesonderde plek in tyd. Ons behoud is om die Shabbat te gedenk en dit af te sonder. Shabbat is ‘n duidelike teken en bewys van ons gehoorsaamheid aan Vader-God en van ons liefde vir Hom.

In hierdie week se Torahskriflesing ontvang Israel verdere instruksies en onderrig ten opsigte van die Shabbat. Daarom begin ons Torahskriflesing met hierdie woorde:

1 Moshe het die hele vergadering van die seuns van Yisra’el bymekaar laat kom en vir hulle gesê: “Hierdie is die dinge wat יהוה julle beveel het om te doen: 2 werk moet vir ses dae gedoen word, maar die sewende dag moet vir julle afgesonderd wees, ’n Shabbat van volkome rus tot יהוה. Wie ook al enige werk daarop doen, moet doodgemaak word. Ex. 35:1 en 2.

Deur vertrou in Yeshua as die Messias is ons die nageslag van Abraham!

As julle aan Die Gesalfde Een behoort, is julle die saad van Avraham en volgens die belofte, erfgename. Gal. 3:29.

Daarom is ons deel van die ware Israel en is al die instruksies en onderrig oor die Shabbat steeds op ons van toepassing. Vertrou in Yeshua het ons nie vrygespreek van die tien gebooië nie en dus ook nie van die vierde gebod van Shabbat nie!

Ons moet onthou dat die hemelse tabernakel die ware tabernakel is waar die verbondsark met die tien gebooië in YHVH se teenwoordigheid is. YHVH het nie Sy tien gebooië wat die tien pilare van Sy Karakter en Outoriteit is, verander nie!

Omrede talle gelowiges in Yeshua oor hierdie waarheid struikel, is dit nodig om weer op die volgende te let:

Daar bestaan baie groot verwarring en verkeerde interpretasie onder Christene ten opsigte van die begrip: *om vry van die wet te wees*. Talle gelowiges is baie gou om te vertel dat hulle vry van die wet is, want hulle glo dat hulle onder die genade is. Wanneer daar na die wet verwys word, word die tien gebooië meestal bedoel.

Diegene wat glo dat hulle vry is van die wet sal op vrae soos: *Mag jy steel, mag jy begeer, mag jy moor, mag jy egbreek pleeg of enige derglike dinge doen*, onmiddelik ‘Nee’ antwoord.

Hulle erken dus dat Christene die tien gebooie moet onderhou – al die gebooie behalwe die vierdie gebod van die Shabbat.

Die Christendom glo, en verkondig, dat die Shabbatgebod opgehef is. Daar word geglo dat die eerste dag van die week, naamlik Sondag, die shabbatgebod vervang het as die “dag van die Here”. Die Kerk glo dus inderwaarheid dat daar net nege gebooie is, **want ek het nog nie gelees of gehoor dat die vierde gebod herskryf is om te lees: Gedenk die Sondag dat jy dit heilig. Ses dae moet jy arbei en al jou werk doen; maar die eerste dag is die Sondag, die dag van die Here jou God; dan mag jy geen werk doen nie....** Nee, niemand het dit nog gewaag om dit in soveel woorde te sê nie, maar tog is dit juis wat geglo en verkondig word!!!

Dit is ook vreemd dat diegene wat steeds die Shabbatgebod volgens YHVH se onderrig en instruksies eerbiedig, deur die Kerk gebrandmerk word as ‘onder die wet’ en daarom van die genade verval het. Is dit nie vreemd dat diegene wat nege van die tien gebooie hou as vry van die wet beskou word, maar diegene wat al tien gebooie hou, is onder die wet en is kwansuis hulle redding kwyt? Maak dit hoegenaamd enige sin om so te redeneer?

Hoekom het die Shabbatgebod so ‘n verskilpunt geword? Hoekom is dit so dat die oorgrote meerderheid van die sowat 1,9 biljoen mense wat hulself as Christene beskou die gebod van die Shabbat minag? Is dit wat die Afgesonderde (Heilige) Skrifte ons leer, of is dit die leerstellings van mense? Het die Shabbatgebod verander – die enigste van die tien gebooie wat deur YHVH die Almagtige herskryf is? Hierdie is belangrike vrae, want ons weet dat enige iemand wat die tien gebooie willens en wetens minag, sal nie die Koninkryk van YHVH beërwe nie (Heb. 10:25 en 26).

Die Instelling van die Shabbat

Die eerste vraag wat gevra moet word is: *Wanneer en deur wie was die Shabbat gemaak (ingestel)?* Die antwoord is in Gen. 2:1 en 2

So is die hemel en die aarde en al hulle hordes voltooi. Op die sesde dag is God se werk, wat Hy gemaak het, voltooi en op die sewende dag het Hy gerus van alle werk wat Hy gemaak het.

Die skepping met die gepaardgaande natuurwette, insluitend die siklus van dae, maande en jare, is deur YHVH geskape (Gen. 1:3, 4 en 14 tot 18). YHVH het alles in ses dae geskape en op die sewende dag gerus van al Sy werk. Die sewende dag, die Shabbat, is dus deel van YHVH se skepping. Hy het ook hierdie dag gemaak – nie as ‘n natuurwet nie, maar as ‘n geestelike wet!!

Nou kan gevra word: Wat het YHVH gedoen na Hy op die sewende dag gerus het?

En God het die sewende dag geseën en dit geheilig, omdat Hy daarop gerus het van al sy werk wat God geskape het deur dit te maak. Gen 2:3.

Let daarop: YHVH God het die sewende dag geseën en dit afgesonder (geheilig) **omdat** Hy daarop gerus het!! Omrede YHVH op die sewende dag gerus het, het Hy hierdie dag geseën en dit afgesonder. Het YHVH, nadat Hy op die sewende dag gerus het dalk ook, soos met die res van Sy skepping, gesien dat dit goed was (Gen. 1:4, 12, 18 en 25)? Is dit moontlik die rede hoekom YHVH hierdie dag geseën en dit afgesonder het?

Volgens Gen. 2:1 tot 3 sien ons drie handelinge (aksies) wat gepaard gegaan het met die skepping (maak) van die Shabbat, naamlik:

- YHVH-God het gerus op hierdie dag,
- Hy het dit geseën, en
- Hy het dit geheilig, naamlik afgesonder (*set-apart*).

Verder kan ons vra: Was Yeshua betrokke by die skepping en by die maak van die Shabbat? Die volgende teksverse gee vir ons die antwoord:

In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. Hy was in die begin by God. Alle dinge het deur Hom ontstaan, en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie. Joh. 1:1 tot 3

Hy is die Beeld van die onsienlike God, die Eersgeborene van die hele skepping; want in Hom is alle dinge geskape wat in die hemele en op die aarde is, wat sienlik en onsienlik is, trone sowel as heerskappye en owerhede en magte – alle dinge is deur Hom en tot Hom geskape. Kol. 1:15 en 16.

Alles wat ontstaan het (geskape; gemaak is), het deur Yeshua Messias, die vleesgeworde Woord van YHVH, ontstaan. Alle dinge is deur Hom en tot Hom geskape. Yeshua is die Woord van die krag van YHVH deur wie Hy alles geskape het (Heb. 1:2 en 3) – ook die shabbat. Die Almagtige het alles deur Yeshua Die Gesalfde Een geskape (Ef. 3:8 en 9).

Die sewende dag van die week (die shabbat) is dus die rusdag van YHVH Yeshua. Daarom weet ons dat Yeshua het dit kom bevestig wat YHVH van die begin af geskep en bepaal het!

Yeshua het toe geantwoord en vir hulle gesê: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, die Seun kan niks uit Homself doen tensy Hy die Vader dit sien doen nie. Want alles wat Hy doen, dit doen die Seun ook net so. Joh. 5:19.

Die mens is op die sesde dag geskape. Wat is dus die eerste ding wat die mens gedoen het? Hy het saam met sy Skepper-God op die sewende dag gerus! Ons moet dus ook die voorbeeld van ons Messias volg en op die sewende dag van die week rus en dit gedenk en afsonder. Dit is waarvoor YHVH die sewende dag gemaak het. Dit is die Almagtige se oomblik in tyd wat spesiaal opsy gesit word en waar Hy saam met die mens wil rus.

Opsommend: Die Shabbat is ‘n ewige instelling, ‘n teken en ‘n verbond, en deel van YHVH se skepping. Hy sal dit nie verander nie, want Hy is gister, vandag en tot in ewigheid dieselfde (Heb. 13:8).

Bepeins of Bespreek

1. Is Jes. 66:23 bevestiging dat die Shabbat steeds gedenk moet word en ook in die Millennium gedenk sal word?
2. Sal jy dit wat YHVH geskape (gemaak) het tot niet wil maak? Het YHVH nie aan die mens gesê om dit wat Hy geskape het te bewaak (te *sh'mar*; te beskerm) nie (Gen. 2:15)? Moet ons die Shabbat volgens Gen. 2:15 bewaak (beskerm)?
3. Kan ons deel van Israel, met ander woorde die ingeplante wilde olyftak volgens Romeine hoofstuk 11 wees, sonder om Shabbat te gedenk en dit af te sonder?

4. Is Matt. 24:20 nog 'n bewys dat ons steeds die Shabbat moet gedenk onder die nuwe verbond?

Nota:

- Ons Skriftestudie oor die Shabbat kan afgelaai word by <http://nuwelied.info/?cat=11>
- Die Shabbat en die nuwe verbond is ook in Torahskriflesing 17 bespreek en kan afgelaai word by: [Parashah17Notas17](#).

‘n Onrusbarende Tendens

In verlede jaar se notas het ook die onrusbarende tendens wat in die Messiaanse Beweging waargeneem word, bespreek, naamlik dat gelowiges wat Yeshua as Messias bely sommige dele van die Skrifte van die nuwe verbond bevraagteken en selfs verwerp. Hierdie is so 'n ernstige gevaar dat herhaling en hersiening van verlede jaar se notas oor dié saak gepas is.

Die oorsaak van hierdie tendens kan meestal teruggevoer word na die invloed van Rabbynse Judaïsme. Al hoe meer geestelike leiers in die Messiaanse Beweging het skuld hieraan, want hulle verkondig dat die huis van Efraim by die huis van Juda die Vader se Torah moet gaan leer. Die gevolg van langdurige blootstelling hieraan is dat die absolute waarheid van die Skrifte van die nuwe verbond verwaarloos word en dat dele daarvan uiteindelik bevraagteken en verwerp word!

'n Tipiese voorbeeld is ten opsigte van die brief aan die Hebreërs wat dit baie duidelik maak dat die Melgisédék priesterorde die Levitiese priesterorde vervang het. Daar is diegene wat weier om hierdie waarheid te aanvaar en hardkoppig vashou aan 'n Levitiese priesterorde en 'n derde tempel wat gebou gaan word. Die rede is dat Rabbynse Judaïsme nie hierdie opebaring van die skrywer van die brief aan die Hebreërs deel nie. Gevolglik word die woorde van Rabbynse Judaïsme as 'n groter waarheid beskou as die Skrifte van die nuwe verbond deur diegene wat die huis van Juda as hulle leermeester beskou!

Maar laat ons eerlik wees: Hoe kan Rabbynse Judaïsme die waarheid sonder Yeshua en sonder die Skrifte van die nuwe verbond reg sny – reguit verkondig (2 Tim. 2:15)? Dit is 'n saak van onmoontlikheid!! Daarom is Rabbynse Judaïsme die suurdeeg – die valse leerstellings en verdraaide waarheid – waarteen Yeshua ons gewaarsku het (Matt 16:6, 11 en 12).

Ek moedig elkeen aan om die volgende artikels biddend te lees:

- “Wie Is Jou Rabbi?” wat afgelaai kan word by: [WieIsJouLeermeester](#)
- “Rabbynse Judaïsme: Het Jy Geweet?” waarin die gevare van Rabbynse Judaïsme bespreek word en wat afgelaai kan word by: [RabbynseJudaïsme](#)

Diegene wat Rabbynse Judaïsme as hulle leermeester aanvaar moet die woorde van Yeshua onthou toe Hy gewaarsku het teen die swaar laste wat die Fariseërs op die skouers van die mense lê:

¹Toe het Yeshua met die mense en met Sy studentevolgelinge gepraat ²en vir hulle gesê: “Die leraars van die wet en die Fariseërs het gaan sit op die stoel van Moshe; ³daarom moet julle alles wat hulle vir julle sê om te onderhou, onderhou en doen, maar moenie doen soos hulle doen nie, want hulle praat en doen nie, ⁴want hulle bind swaar laste en sit dit op die skouers van die mense, maar hulle is nie gewillig om hulle vinger te verroer en daaraan te raak nie,

*5*maar alles wat hulle doen, doen hulle om deur die mense gesien te word. Hulle maak hul gebedskassies breed en die blou draad in hul tossels aan hulle klere lank. Matt.23:1 tot 5.

So het Judaïsme honderde wette en voorskrifte (*halakha*) by die Torah van YHVH gevoeg en dit in die Talmud opgeteken! Een so 'n voorbeeld is die 39 kategorië, elk met honderde wette, vir die onderhouding van die Shabbat! Hierdie is niks anders as die poging van mense om YHVH se geregtigheid te verdien deur goeie werke! Dit terwyl die Skrifte van die nuwe verbond ons leer dat YHVH se geregtigheid alleenlik deur vertroue in Yeshua as onverdiende guns van YHVH ontvang kan word!!

Daarom is die Afgesonderde Gees die een wat ons leer en herinner hoe om Shabbat te gedenk en hoe om aan al die tien gebooue gehoorsaam te wees. Ons het nie die Talmud van Rabbynse Judaïsme nodig nie!!

Dan moet ons ook onthou: Nooi mense in jou 'Huis van Lering' in wat Yeshua as Messias verwerp, soos wat Rabbynse Judaïsme wel doen, en jy kan verseker wees dat jy mislei gaan word. Die Woord waarsku ons daarteen in 2 Joh. 7 tot 11:

*7*want baie misleiers het uitgegaan in die wêreld in: die een wat nie bely dat Yeshua, Die Gesalfde Een, in die vlees gekom het nie; hy is 'n misleier en teëstander teen Die Gesalfde Een. *8*Gee aandag aan julle lewe dat julle nie enige iets verloor waarvoor julle gewerk het nie, maar dat julle 'n volle loon kan ontvang. *9*Elkeen wat 'n oortreder is en nie aanhou in die leer van Die Gesalfde Een nie; God is nie in hom nie. Hy wat aanhou in Sy leer, hy het die Vader sowel as die Seun. *10* As iemand na julle toe kom en nie hierdie leer bring nie, moet hom nie in die huis ontvang nie en nie vir hom sê, "welkom aan jou," nie, *11*want hy wat vir hom sê "welkom aan jou," het deel aan sy bose dade.

Diegene wat Rabbynse Judaïsme as leermeester verwelkom, het deel aan hulle bose dade!

Onthou ook die wyse woorde van Salomo:

Daar is 'n weg wat vir 'n mens reg lyk, maar die einde daarvan is weë van die dood. Spr. 14:12.

David Perry skryf die volgende:

Because of their Torah disregarding and/or minimizing theology, what the Church has produced the most of, instead of 'fully equipped disciples', is ill-equipped Spiritual Schizophrenics. A 'schizophrenic' has ten fingers, ten toes, two eyes, two legs, a mouth, a nose, etc. in short he looks normal, but his view of reality is not reality. In the same way these 'Spiritual Schizophrenics' have a view of religious reality that does not reflect biblical reality. Plainly; religious adherence is not the same as Scriptural Obedience. The highly sophisticated 'Rabbinics' of Judaism have their polished version of this same 'Spiritual Schizophrenic' scenario.

In sy artikel 'The Rightly Dividing Point' skryf David Perry ook die volgende:

Most of us that have found the Hebrew roots of the Christian faith have a Church background or upbringing of some kind. We all have had to repent and turn from many things – That learning-awareness-repenting process is not over. In some cases there are those with very little to no background at all; which may be a plus when coming to the truth for there is nothing to unlearn or defend. We all must realize that we are to be on that straight and narrow path (Mt. 7:13), neither turning to the right or the left (Deut.

5:32; Prov. 4:27). It is crucial to realize that there is a Christian 'Church' ditch on one side and a 'Rabbinic' Jewish ditch on the other – that must be avoided.

Ons moet nie die Skrifte van die nuwe verbond verwaarloos nie, want in die ou verbond is die nuwe verbond verskuil en in die nuwe verbond word die ou verbond bevestig (openbaar gemaak). Hoe kan die waarheid van die Skrifte van die nuwe verbond dan enigsins bevraagteken word?

Laastens moet ons altyd onthou dat dit Juda was wat voor Josef gebuig het. Dit is daarom die huis van Efraim (Josef) wat die huis van Juda moet leer aangaande Yeshua as die Messias en as die ewige Melgisédek Hoofpriester. Tot hede verstaan Rabbynse Judaïsme egter nie die woorde van Yeshua aan die Fariseërs toe Hy gesê het: *Maar as julle Moses geglo het, sou julle My glo, want hy het van My geskrywe* (Joh. 5:46). So ook is dit belangrik om te onthou dat ons voorvaders is Abraham, Isak en Jakob en nie die vaders van Rabbynse Judaïsme nie!! Daarom is ons Hebreuse Wortels te vinde in Abraham, Isak en Jakob, asook in die bladsye van die Tanakh (ou verbond). Ons Hebreuse wortels is nie te vinde in hedendaagse Rabbynse Judaïsme nie!

-o-o-o-o-o-o-o-

Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shabbat Shalom.
Johan.

Epos: kontak@nuwelielied.info
Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.